# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**PRYS (AVB ingesluit) 30c PRICE (GST included)**
**BUITELANDS 40c ABROAD**
**POSVRY · POST FREE**

VOL. 201] KAAPSTAD, 3 MAART 1982 — CAPE TOWN, 3 MARCH 1982 [No. 8042


KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 333. 3 Maart 1982.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 10 van 1982: Waternavorsingswysigingswet, 1982.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 333. 3 March 1982.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 10 of 1982: Water Research Amendment Act, 1982.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

______ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Waternavorsingswet, 1971, ten einde die Minister van Omgewingsake te magtig om van tyd tot tyd sekere onverhaalbare belastings, vorderings en rente af te skryf; en voorsiening te maak vir die delegasie van bevoegdhede deur genoemde Minister; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 16 Februarie 1982.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 11 van Wet 34 van 1971, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 106 van 1977.

**1.** Artikel 11 van die Waternavorsingswet, 1971, word hierby gewysig deur na subartikel (5) die volgende subartikel in te voeg:

„(5A) Die Minister kan van tyd tot tyd enige belastings of vorderings wat ingevolge subartikel (2) verhaal moet word of enige rente wat kragtens subartikel (5) daarop gehef is, afskryf indien sodanige belastings, vorderings of rente om die een of ander rede nie verhaal kan word nie.".

Invoeging van artikel 14A in Wet 34 van 1971.

**2.** Die volgende artikel word hierby in die Waternavorsingswet, 1971, na artikel 14 ingevoeg:

„Delegasie van bevoegdhede deur Minister.

**14A.** (1) Die Minister kan 'n bevoegdheid by artikel 11 (5A) of 13 (6) aan hom verleen aan die Direkteur-generaal: Omgewingsake of 'n ander beampte in die Departement van Omgewingsake delegeer.

(2) Die Minister kan 'n delegasie kragtens subartikel (1) te eniger tyd intrek, en geen delegasie van 'n bevoegdheid belet die uitoefening van daardie bevoegdheid deur die Minister self nie.".

Kort titel.

**3.** Hierdie Wet heet die Waternavorsingswysigingswet, 1982.

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

________ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the Water Research Act, 1971, so as to authorize the Minister of Environment Affairs to write off from time to time certain irrecoverable rates, charges and interest; and to provide for the delegation of powers by the said Minister; and to provide for matters incidental thereto.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 16 February 1982.*)

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 11 of Act 34 of 1971, as amended by section 1 of Act 106 of 1977.

**1.** Section 11 of the Water Research Act, 1971, is hereby amended by the insertion after subsection (5) of the following subsection:

"(5A) The Minister may from time to time write off any rates or charges which must be recovered in terms of subsection (2) or any interest charged thereon under subsection (5), if such rates, charges or interest for any reason cannot be recovered.".

Insertion of section 14A in Act 34 of 1971.

**2.** The following section is hereby inserted in the Water Research Act, 1971, after section 14:

"Delegation of powers by Minister.

**14A.** (1) The Minister may delegate any power conferred upon him by section 11 (5A) or 13 (6) to the Director-General: Environment Affairs or any other officer in the Department of Environment Affairs.

(2) The Minister may at any time revoke any delegation under subsection (1), and no delegation of any power shall prevent the exercise of that power by the Minister himself.".

Short title.

**3.** This Act shall be called the Water Research Amendment Act, 1982.

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD—BB3170/12 500.
PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY) LTD, CAPE TOWN—BB3170/12 500.